NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Addendum van 11 bladsye (i–xi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.

8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

N12AFRH–1–A

IEB Copyright © 2025

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.

Lees eers die hele rubriek "Mans genoeg" deur Lizz Meiring (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord dan eers die volgende vrae:

1.1 In die eerste sin van paragraaf 1 word daar 'n beeld van muise gebruik. Hoe pas die woordkeuse in die res van paragraaf 1 by hierdie beeld? (1)

1.2 Waarom gebruik die spreker die hakies in paragraaf 2? Verwys in jou antwoord na die toon sowel as die inhoud van die woorde tussen hakies. (2)

1.3 Sê in jou eie woorde wat die spreker in paragraaf 3 bedoel, veral as paragraaf 1 hierby betrek word. (2)

1.4 Hoekom, dink jy, het die vroue fantasiehelde (paragraaf 4) nodig? (2)

1.5 In paragraaf 4 maak die spreker 'n voorstel. Kontrasteer nou die twee geslagte se reaksies op die spreker se voorstel soos dit in paragraaf 6 en 7 aangedui word. (3)

1.6 Hoekom, dink jy, lees die motorbestuurder se vrou so baie liefdesverhale (paragraaf 10)? Neem die geheel van Teks 1 in ag. (2)

1.7 In paragraaf 11 klink die spreker simpatiek teenoor die motorbestuurder. Dink jy sy behou hierdie standpunt as jy die hele teks betrek? Verduidelik jou standpunt breedvoerig. (2)

1.8 Wat is die effek van die herhaalde gebruik van die voorvoegsel **ge-** in paragraaf 20? (1)

1.9 ***MS*** Die motorbestuurder sê in paragraaf 20: "Dis nou twee jaar later en ons is baie gelukkig." Dink jy die spreker glo hom? Verduidelik breedvoerig. (3)

1.10 Vervang die woord **drommel** in paragraaf 21 met 'n sinoniem wat:

1.10.1 positief mag klink, maar dalk sarkasties bedoel word. (1)

1.10.2 beslis negatief is, maar nie kru nie en steeds publiseerbaar is. (1)

IEB Copyright © 2025

1.11 In die sesde uitgawe van die *HAT* word die woord **kaliber** (paragraaf 25) soos volg gedefinieer:

ka•li•ber *s.nw.* [~s] ... **1** middellyn van die binnekant van 'n vuurwapen se loop of van die silindriese ruimte van ander soort buise ... **4** (*fig*.) **(a)** gehalte; soort; geaardheid ... **(b)** van goeie gehalte/soort ... [**Frans *calibre* uit Arabies *qalib* gietvorm, skoenmakerslees, self ontleen aan Grieks *kalopous***] ...

1.11.1 Hoe word die klem in die woord in hierdie uitgawe van die *HAT* aangedui? (1)

1.11.2 Watter twee dinge impliseer die bestuurder oor homself wanneer hy hierdie woord gebruik? (2)

1.12 Skryf 'n slotsin van 8 tot 25 woorde wat Teks 1 tot 'n afgeronde geheel sal bind. (2)
[25]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Lees die teks "Pick n Pay herroep 3 grondboontjiebotter produkte" (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Skryf die eerste sin van Teks 2 se eerste paragraaf oor en verbeter die leestekengebruik. (2)

2.2 Identifiseer en korrigeer TWEE spelfoute in die teks. (2)

2.3 Bestudeer die volgende sin uit Teks 2:

"Geen ander handelsmerke beskikbaar by Pick n Pay word deur hierdie herroeping geraak nie."

2.3.1 Skryf hierdie sin in die bedrywende vorm oor. (1)

2.3.2 Watter vorm van die sin is die effektiefste in hierdie teks: die lydende vorm of die bedrywende vorm? Motiveer jou keuse kortliks. (1)

2.4 Hoe wil die winkelgroep (volgens Teks 2) seker maak dat mense **alle** probleemprodukte terugbring? Noem TWEE feite. (2)

2.5 Sê in jou eie woorde waarom die winkelgroep hierdie produkte herroep. Verduidelik volledig. (2)

2.6 Hoekom, dink jy, het die winkelgroep die Nasionale Verbruikerskommissie en die Nasionale Departement van Gesondheid, Direktoraat Voedselbeheer by hierdie saak betrek? Verskaf TWEE redes. (2)

2.7 Brei die eerste deel van die slotsin van die laaste paragraaf uit sodat die komma, soos dit hier verskyn, nodig word. (1)

2.8 Moet mense angstig wees omdat Pick n Pay hierdie produkte herroep het?

Skryf TWEE antwoorde neer:

Een wat begin met: **Ja, want ...**

EN

Een wat begin met: **Nee, want ...** (2)

[15]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Situasie

Jou skool beplan 'n spesiale uitstalling oor **Hedendaagse helde**.

Een van hierdie helde wat vereer gaan word, is dr. Imtiyaz Sooliman van Gift of the Givers. Jy is gevra om die teks saam te stel wat as verduideliking by sy portret in die uitstalling opgeneem sal word.

Opdrag

Gebruik die artikel oor dr. Sooliman (Teks 3 in die Addendum) en skryf 'n **paragraaf van 90 tot 100 woorde** wat verduidelik waarom hy as 'n hedendaagse held beskou kan word.

Instruksies

- Jou opskrif is **Hedendaagse held: dr. Imtiyaz Sooliman** – die opskrif is NIE deel van die woordtelling nie.
- Die totale lengte van jou paragraaf moet tussen 90 en 100 woorde wees.
- Al die woorde in die paragraaf moet by hierdie woordtelling ingesluit word, ook die lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jy mag SLEGS inligting uit Teks 3 in jou paragraaf gebruik.

[10]

50 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING B POËSIE

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Onklaar" (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

4.1 Verduidelik kortliks hoe die motto onder die titel die interpretasie van die gedig beïnvloed. (2)

4.2 Die titel van die gedig kan op minstens drie maniere geïnterpreteer word:

- Stukkend
- Onvoltooid
- Onhelder

Kies TWEE van hierdie betekenisse en dui aan hoe elkeen **letterlik** EN **figuurlik** in die gedig gebruik word. (4)

4.3 Die toon van die slotstrofe van die gedig kontrasteer met die toon aan die einde van die derde strofe (versreël 22 en 23).

Benoem die toon in **elkeen** van hierdie twee gedeeltes van die gedig en **verduidelik** hierdie kontras. (4)
[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die sonnet "Uit hierdie ligte herfs" deur N.P. van Wyk Louw (Teks 5 in die Addendum) deur en beantwoord die volgende vrae.

5.1 Hierdie sonnet van Louw vertoon eienskappe van 'n Italiaanse sonnet en van 'n Engelse sonnet. Noem een eienskap van ELKEEN van hierdie soorte wat jy in die gedig oplet. (2)

5.2 Haal twee voorbeelde van die gebruik van verskillende kleure aan en bespreek kortliks hoe elke kleur binne die konteks van die gedig geïnterpreteer kan word. (2)

5.3 Omskryf in jou eie woorde wat die spreker se "nuwe, namelose vreug" (versreël 2) is. (2)

5.4 ***MS*** Tot watter insig kom die spreker in die slotsin (versreël 11 tot 14) van die gedig? (3)

5.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan en dui die allitererende klanke noukeurig aan. (1)
[10]

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die sonnet "onsuiwer wiskunde" deur Tom Gouws (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

6.1 Noem twee aspekte van hierdie gedig wat dit duidelik as 'n Engelse sonnet tipeer. (2)

6.2 Verduidelik die gebruik van hoofletters in versreël 9 en 12 en die gebrek aan hoofletters in versreël 6 en 8. (2)

6.3 "Empiries" (versreël 11) verwys na waarnemings wat 'n mens self van natuurverskynsels maak; "matematies" (versreël 11) is 'n sinoniem vir "wiskundig" en hou verband met die teoretiese verduideliking van natuur-verskynsels.

Gebruik hierdie verduidelikings om in **jou eie woorde** uiteen te sit hoe die frases "empiries presies" en "matematies dom" (versreël 11) van mekaar verskil. (2)

6.4 ***MS*** Tot watter insig kom die spreker in die laaste drie reëls van die gedig? (3)

6.5 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig aan. Dui die letters wat die assonansie skep noukeurig aan. (1)
[10]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Krokodil" deur Johann de Lange (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

Woordverklarings:

- "Wulp" (versreël 15), "ekster" (versreël 16) en "maraboe" (versreël 42) is verskillende soorte voëls.
- 'n "Kikvors" (versreël 17) is 'n soort padda.
- 'n "Kaaimansblom" (versreël 18) is 'n soort waterlelie.
- "Krink" (versreël 29) is 'n moeisame manier om 'n swaar voertuig om 'n draai te kry.
- "Gryns" (versreël 35) is om te glimlag met 'n ondertoon van spot of haat.
- "Slu" (versreël 39) en "sluwe" (versreël 42) beskryf iets of iemand wat skelm of listig is; in versreël 39 beskryf dit hoe suksesvol die krokodil haar eiers wegsteek.

7.1 In strofe 1 beskryf die spreker hoe die krokodil "aan sy gemmer oë" (versreël 2) en "aan sy snoet" (versreël 6) "van die watervlak" (versreël 3) hang. Hoekom doen die krokodil dit? (2)

7.2 In strofe 2 (versreël 21 tot 31) kontrasteer die spreker twee aspekte van die krokodil. Bespreek hierdie kontras en wys hoe die woordkeuse dit ondersteun. (3)

7.3 Die inhoud van die slotstrofe kontrasteer met die inhoud van die ander drie strofes van die gedig. Bespreek hierdie kontras. (3)

7.4 Identifiseer en bespreek 'n spesifieke ironiese element van die kontras wat jy in jou vorige antwoord bespreek het. Verwys na die woordkeuse in die gedig wat hierdie ironie aandui. (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2025

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID

VRAAG 8 INFOGRAFIKA

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die infografika oor bloubessies (Teks 8 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

8.1 Noem TWEE maniere waarop die grafiese of visuele aspekte van die infografika die indruk skep dat die teks op kinders gerig is. (2)

8.2 Noem TWEE maniere waarop die woordkeuse en leestekengebruik die indruk skep dat kinders hierdie teks se teikenlesers is. (2)

8.3 Kies TWEE van die volgende frases of woorde en bespreek die betekenis en impak daarvan binne die konteks van die infografika:

8.3.1 "natuurlik" (Teks A)

8.3.2 "glo" (Teks B)

8.3.3 "tien teen een" (Teks C) (4)

8.4 ***MS*** Vraag 8.1 en 8.2 veronderstel dat die teikenlesers kinders is. Dink jy dat hierdie infografika suksesvol is hiermee? Antwoord breedvoerig. (3)
[11]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 9 SPOTPRENT

Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die spotprent deur Dr. Jack (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

9.1 Die meisie in die spotprent bewonder haar pa baie intens in hierdie oomblik. Bespreek hoe haar bewondering uitgebeeld word deur haar gesigs-uitdrukking, liggaamstaal en woordkeuse, asook ander tekentegnieke wat die spotprentkunstenaar gebruik. (4)

9.2 Die pa fokus op iets anders as haar bewondering. Wat is sy fokus en hoe word sy reaksie in die spotprent uitgebeeld? (3)

9.3 Die seekoeitjie in die hoek regs onder sê: "Hy's van die tjop af, en tjop nou af!"

Verduidelik die humor in hierdie opmerking. (2)
[9]

20 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2025